

Sondag 12 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:8

Die tweede engel kondig aan dat aardse regerings gaan val!

En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery (Op. 14:8, 1953-vertaling).

Die tema van die boek Openbaring is dat die Here kom! Die tema van die gelowige se lewe is ook dat die Here kom! Soveel te meer óns wat vlak voor die wederkoms lewe! Daar is groot spanning oor hierdie saak in die lug – geeneen kan die wederkomsspanning verbykyk nie!

Let op na die boodskap van die *tweede engel*: Die *tweede engel* het die eerste engel se boodskap eintlik onderstreep toe hy gesê dat Babilon geval het. Die vesting wat God se kinders se bloed oor die aarde laat vloei het, is nou deur God omgekeer. Die saak staan só vas in God se raad dat Hy die antichris gaan uitroei dat die tweede engel dit as 'n afgehandelde saak aankondig: *Geval, geval het Babilon, die groot stad ...*

Die merkwaardige is dat die Here eers in Openbaring 17 en 18 openbaar dat die vrou bestaan en wat sy doen en wat Hy met haar maak: *En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery (Op. 17:3, 4, 1953-vertaling).*

Openbaring 14:8 openbaar vooruitlopend al hierdie mag en sy toekoms aan die gelowiges. Die Here openbaar aan ons die volgende: Hierdie hoer is inderdaad 'n antichristelike wêreldryk! Dit het 'n hoofstad in die wêreld. Die Here gee dit die naam Babel na aanleiding van 'n soortgelyke stad in die ou geskiedenis: Babel of Babilon. Vergelyk hiervoor: *En kyk, daar kom 'n stoet manne, ruiters twee aan twee. Toe het hy aangehef en gesê: Geval, geval het Babel, en hulle het al die gesnede beelde van sy gode verbrysel teen die grond (Jes. 21:9, 1953-vertaling).*

Sing: Psalm 18-1:20

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)